

20 Augustus

Hebreërs 12:14-29

(Teks: 12:28)

Dankbaarheid as gepaste antwoord

Om dankbaar te wees - dit is die gepaste lewenshouding wat die skrywer van die Hebreërbrief ons opskerpnd op die hart wil druk.

Waarom pas dit ons om dankbaar te wees? Die antwoord hierop vind ons in hierdie een woordjie van Hebreërs 12:28: "ontvang". Hierin wortel die lewenshouding van dankbaarheid, want agter "ontvang" staan die genade van God. Wie God in sy genade agter alles in sy lewe sien, sien dankbaarheid nie as 'n koue begrip nie, maar as die gepaste liefdes-antwoord aan God.

Waaroor is dit gepas om dankbaar te wees? Ons ontvang deur die genade van God in Christus 'n "onwankelbare koninkryk". Wat is daar in ons lewe wat nie aan wankeling onderhewig is nie? Wat is daar onder die geskape dinge wat in die toekoms nie sal wankel nie? Bo alles wat wankel, het God aan ons die onwankelbare dinge in Christus geskenk. Soms maak ons ons so besorg oor die wankelbare dinge dat ons vergeet om dankbaar te wees vir die onwankelbare dinge wat ons ontvang het en eenmaal sal ontvang wanneer die wankelbare dinge finaal weggeneem sal word.

Waarin kom gepas ons dankbaarheid tot uitdrukking? Die Hebreërskrywer sê: "...dien God met eerbied en ontsag, soos Hy dit wil...". Nie soos dit ons pas nie, maar in die dien van God soos Hy dit wil, kom gepas ons dankbaarheid tot uitdrukking. Dankbaarheid behoort elke dag van ons lewens die gepaste antwoord op God se genade aan ons te wees.

Sing Psalm 89:6

Ds. E.J. Tiemensma (Secunda)